

SONDAG: 37

VRAAG EN ANTWOORD: 102

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?			
Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer	1	Romeine 9:1	Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees
		2 Korintiërs 1:23	Maar ek roep God as getuie aan oor my siel dat ek om julle te spaar nog nie na Korinthe gekom het nie -
Hierdie eer kom geen skepsel toe nie	2	Matteus 5:34-36	Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie - nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.
		Jakobus 5:12	My broers, dit is baie belangrik dat julle nie 'n eed moet aflê nie, nie by die hemel nie, nie by die aarde nie en ook nie enige ander eed nie. As julle "ja" sê, moet dit "ja" wees; as julle "nee" sê, moet dit "nee" wees. Dan sal julle nie veroordeel word nie.